HELPSAAMFONDS

Daar vir mekaar!

Jaarverslag

April 2006 - Maart 2007

Die kans om 'n verskil te maak



Amanda Smith
Gemeenskapsleier

Dr. Manie Opperman Burgemeester van Orania

Geagte Vriend

Die gemeenskap van Orania word deur kundiges gesien as 'n navolgenswaardige model van selfontwikkeling, gedryf deur lokale inisiatief. Die Dorpsraad van Orania verskaf die nodige dienste wat hierdie ontwikkeling moontlik maak. Die sukses van doeltreffende bestuur maak ons dorp aantreklik vir vestiging deur Afrikaners van elders wat daagliks gekonfronteer word met die mislukking van plaaslike besture op die meeste plattelandse dorpe. Onderhoude met potensiële nuwe intrekkers lewer oorvloedige getuienis van 'n opwaartse spiraal van misdaadslagoffers, kulturele vervreemding en kruipende armoede waarin Afrikaners van alle vlakke van die samelewing hulle bevind.

Orania bied 'n heenkome aan ontnugterde Afrikaners wat ons resep vir die toekoms as 'n oplossing sien. Ons het hulle bydraes op vele terreine nodig indien ons ons ideaal van 'n eie gebied onder ons eie beheer wil bereik. 'n Ernstige bottelnek wat grootskaalse vestiging vertraag blyk nou bekostigbare behuising te wees. 'n Ontploffing in eiendomspryse plaas die besit van 'n huis buite die bereik van die gemiddelde jong gesin op Orania. Gevolglik het die Dorpsraad saamgespan met die Helpsaamfonds en 'n beplanningskomitee gestig om metodes te ondersoek waardeur werkende ouers van jong gesinne in staat gestel sal word om eiendom te bekom. Hierdie stap is die verdere opvolgfase van die Elimwerkersprojek, wat die Helpsaamfonds reeds finansieel ondersteun.

Namens die Dorpsraad van Orania wil ek u graag aanmoedig om die Helpsaamfonds van die Orania Beweging in hierdie grootse poging van Afrikaneroorlewing te ondersteun.

Ons mense, ons grond, ons geloof. Saam maak ons Orania sterk.

Groete.



Manie Opperman

Orania + Helpsaamfonds = Hoop

Orania is 'n groeiende Afrikanerdorp. Deur die Helpsaamfonds word die gemeenskapsinstellings van Orania versterk en uitgebou om ondersteuning te gee aan baie Afrikaners wat hulle hier kom vestig. Sommige kom hier aan net met die klere aan hulle lyf. Ander is weer jongmense wat weens regstellende aksie en transformasie nie meer geleenthede gegun word nie. Hoe ook al - dit is Afrikaners wat hulle in Orania wil vestig. Werk is hier genoeg.

Daarom ondersteun die Helpsaamfonds Orania se skole met beurse vir hulpbehoewende gesinne, ondersteun gemeenskapsinstellings in die voorsiening van basiese behoeftes soos kos en klere, ondersteun mediese dienste en maatskaplike sorg en help ook met die voorsiening van behuising. Die doelwit bly telkens om 'n helpende hand uit te reik, maar ook om mense se menswaardigheid te herstel en hulle selfstandigheid te verhoog.

Vir die meeste Afrikaners raak hulle lewensomstandighede in die res van Suid-Afrika al hoe moeiliker en meer onveilig. Min kinders het deesdae die voorreg van 'n onbevange jeug. Dalk lê die grootste waarde van die Helpsaamfonds juis hierin: dat deur die bydraes van baie goedgesinde Afrikaners, tientalle kinders die voorreg het om in Orania groot te word.

Staatsubsidies aan "voorheen bevoordeelde" welsynsorganisasies is al amper heeltemal uitgefaseer. Wie sal nou vir Afrikaners in nood help?

ORANIA BEWEGING
HELPSAAMFONDS

HELPSAAMFONDS

Daar vir mekaar!

Jaarverslag

April 2006 - Maart 2007

Die Helpsaamfonds se 2007/8 projek:

Elim verblyfsentrum

Elim het meer as ‘n dekade gelede ontstaan as ‘n jeugsentrum wat aan Afrikaner jongmanne werk, verblyf en opleiding op Orania verskaf. Op die oomblik is dit egter nie net meer jongmense wat by Elim aanklop om hulp nie, maar selfs ook getroude paartjies en gesinne. Dit het die druk op Elim aansienlik verhoog.

Tans is daar meer as 40 inwoners en die sentrum se inwonertal groei amper daagliks. Willie du Plessis is vroeër vanjaar aangestel as sentrum- en arbeidsbestuurder. Hy en sy vrou doen reuse werk om Elim ‘n ware tuiste vir nuwe inwoners te maak, vir hulle werk in Orania te kry en deel van die gemeenskap te maak. Die Helpsaamfonds wil deur finansiële ondersteuning hierdie projek nog verder uitbou.

Willie en Debbie du Plessis
Die Helpsaamfonds wil hulle hande sterk.

‘n Eliminwoner (27) vertel:

“Ek was sonder werk en moedeloos. Toe hoor ek van Orania. My laaste paar rand was net genoeg om ‘n treinkaartjie tot op Bloemhof te koop. Daarvandaan moes ek ryloop tot op Orania. Hier het ek ‘n nuwe lewe gevind. Ek is hier om te bly!”

So het Helpsaam in 2006/7 gehelp:

Met die ondersteuning van goedgesindes kon die Helpsaamfonds die afgelope jaar verskeie instellings fi-nansieel ondersteun:

Onderwys: R49 000
Verskeie gesinne op Orania is nie in staat om hulle volle skoolgeld te betaal nie. Onderwysbeurse deur die Helpsaamfonds maak dit vir baie kinders moontlik om gehalte onderrig te ontvang.

Mediese dienste: R14 000
Die bydrae van die Helpsaamfonds verseker deurlopende en volhoubare mediese dienste vir almal op Orania.

Maatskaplike sorg: R3 000
Haweloses wat hulle tot Orania wend, word bygestaan met basiese hulpmiddele sodat hulle weer hulle voete kan vind. Op hierdie terrein word daar nou saamgewerk met Orania se kerkinstellings en die maatskaplike raad.

Die Helpsaamfonds is ‘n ingelyfde vereniging kragtens artikel 21. Registrasienommer: 2006/035273/08.

Die Helpsaamfonds is geregistreer as ‘n Publieke Weldaadsorganisasie in terme van artikel 30 van die Inkomstebelastingwet.

Navrae kan gerig word aan:

Helpsaamfonds, Posbus 27, Orania 8752

Telefoon en faks:
053-207 0062

Vonkpos:
oraniabeweging@orania.co.za

Ons sou so graag meer wou doen...

Die Helpsaamfonds voorsien in die onmiddellike nood van Orania. Talle Afrikaners word in Suid-Afrika agtergelaat. Daarom wil ons hier ‘n vermoë bou om beskerming te verleen, maar veral om aan hulle ‘n toekoms te bied.

Projekte wat ontkiem

Behuising

Die toevloei van mense het die beskikbaarheid van behuising beperk. Ons het daarom projekte bemiddel met eiendomseienaars, die plaaslike argitek en bouers wat sal help om bekostigbare behuising aan ons behoeftige volksgenote beskikbaar te stel. Die projekte is in vlakke ontwerp om aan die behoeftes van enkelinge, getroude pare, gesinne en bejaardes te voorsien.

Opleidingsentrum

Orania trek heelwat ongeskoolde arbeiders wat oor min tegniese vaardighede beskik. Die situasie doof hul hoop uit. Ons werk saam met die Elim Oplei-dingsfonds en ander vennote aan ‘n skema vir die ontwikkeling van tegniese vaardighede, om sodoende vir ons arbeiders die geleentheid te gee om uit te styg.

Projek waarvoor die saadjie nog gesaai moet word

Kinderhuis

Verwaarloosde Afrikanerkinders veg teen hul lot terwyl Afrikanerkerke en -groepe die lyding heldhaftig op ‘n deeltydse wyse bestry. Orania kán deur u steun ‘n voltydse oplossing bied. Ons omgewing is veilig en beskermend en ons skole beskik oor toegewyde opvoeders. Die projek stel egter langtermyn eise vir kapitale en lopende kostes terwyl dit ‘n standvastige toevlug vir weerlose kinders moet bied. Ons hoop om eendag in samewerking met die ander partye in die veld ‘n volhoubare uitkoms te kan bied.